kom afgee. Bydraers kon hulle name in ŉ daarvoor aangelegde boek teken. Hulle name sou dan saam met ŉ krans en ŉ boodskap van simpatie na Europa gestuur word. Geld kon ook per pos aan Engelenburg gestuur word, en hy sou die sender se naam in die boek aanbring.[48] Die hoofkomitee van die *Het Volk*-party het daarna ŉ omsendskrywe gerig aan elkeen wat ŉ bydrae kon of wou lewer vir ŉ boek oor Kruger wat Engelenburg wou publiseer. Enigiets sou verwelkom word, hetsy oor sy politiek, hetsy kerklik of jaganekdotes, ensovoorts.[49]

Engelenburg het by Leyds navraag gedoen oor Kruger se dokumente en briewe. Leyds se antwoord uit Utrecht was dat hy die saak met die president se skoonseun, Fanie Eloff, bespreek het. Eloff het ingestem om behulpsaam te wees en het Engelenburg toegang verleen tot alle papiere en dokumente wat nog gered kon word uit die boedel van sy oorlede skoonvader. Indertyd het die Engelse in Pretoria op alle papiere in die huis van die president beslag gelê en ná die oorlog is dit in ŉ "vreeselijken toestand van wanorde" in mandjies gevind. Dit was nie duidelik wat die Engelse gehou of vernietig het nie.[50] Volgens Eloff het die Britse regering die dokumente later aan die familie oorhandig. Die argief is daarna in bewaring geplaas van L.J. Jacobsz van Pretoria, skoonseun van Fanie Eloff. Leyds het aanbeveel dat Engelenburg by Jacobsz aanklop om die dokumente te besigtig.[51]

Die beoogde boek is einde 1904 deur Engelenburg voltooi. Die titel daarvan was *Paul Kruger's afkomst en familie, benevens verscheiden zeldzame portretten en afbeeldingen.*[52] Hy het ŉ paar kopieë aan vriende in Europa gestuur.[53] Toestemming is intussen van die Britse regering verkry om die stoflike oorskot van die president in Pretoria te herbegrawe. Die oorskot sou per skip na Suid-Afrika vervoer word. ŉ Reëlingskomitee, waarvan Engelenburg ŉ lid was, is aangewys om die vervoer van die lyk van Kaapstad na Pretoria te reël en om die begrafnisreëlings te tref. Aan die einde van November 1904 het die Nederlandse skip *De Batavier VI* uit Rotterdam in Kaapstad aangekom en is die lyk na die Sinodesaal van die

48 Anon., "Diverse berichten", *Bijvoegsel tot De Volksstem*, 16.07.1904.
49 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg –W.J. Leyds, 18.07.1904.
50 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, W.J. Leyds, Utrecht, – F.V. Engelenburg, 29.09.1904.
51 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, W.J. Leyds, Utrecht, – F.V. Engelenburg, 29.09.1904.
52 F.V. Engelenburg, *Paul Kruger's afkomst en familie, benevens verscheiden zeldzame portretten en afbeeldingen* (Volkstem-drukkerij, Pretoria, 1904).
53 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, briewe aan vriende.




Illustrasie 62: Begrafnisreëlingskomitee met president Paul Kruger se begrafnis in 1904. Engelenburg met die skewe strikdas staan tweede van regs op die foto agter die ry mense wat op stoele sit. Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-fotoversameling, no. 245.

Hugenotegebou vervoer, waar dit ses dae lank in staatsie gelê het. 'n Stroom besoekers, groot en klein, blank en gekleurd, het die laaste groet aan die oorledene gebring.[54]

Op 1 Desember 1904 het generaal Botha 'n handgeskrewe brief aan Engelenburg geskryf om hom in kennis te stel wat in die Kaap aan die gang was sedert die aankoms van die oorskot van president Kruger in Tafelbaaihawe. Hy het geskryf dat 'n massa mense die lyk vanaf die skip na die Hugenote-Gedenksaal gevolg het. Ongeveer 200 rytuie het die lykswa gevolg. Die Transvaalse vlag is as lykkleed oor die kis gebruik.[55] Op die sesde dag is die oorskot na die Groote Kerk vervoer, waar 'n kerkdiens op 6 Desember gehou is.[56] Leyds het die seereis meegemaak, maar in Kaapstad is sy aansoek om die skip te verlaat nie toegestaan nie. Hy is later wel toegelaat om die kerkdiens in die Groote Kerk by te woon. Engelenburg het vanweë al die begrafnisreëlings in Pretoria gebly en kon dus nie vir Leyds gaan besoek nie. Hy het vir Leyds geskryf dat hy alles gedoen het om die gemeenskap in Pretoria in die regte stemming te kry.

> U weet, de Afrikaner is geen hero-worshipper, maar opvallend is toch de diepte en spontaneiteit der Zuid Afrikaanse emotie, die te wachten staat, of liever, waarvan de uiting aanstaande is.

Engelenburg het hard gewerk om iets te maak van die nasionale begrafnis en hy het vermoed dat dit 'n indrukwekkende gebeurtenis sou word.[57] Hy het verder aan Leyds geskryf dat die nuwe konstitusie van die *Het Volk*-party gou bekend sou word en indien daar 'n verkiesing sou kom, hy in Pretoria moes wees om dit in die koerant te dek. Hy het daaraan gedink om daarna 'n wêreldreis na Europa, Noord-Amerika, Japan en moontlik ook Indië te onderneem –

> ... want als ik die dingen nu niet ga doen, word ik te oud en hokvast.[58]

Generaal Botha het Engelenburg in 'n skrywe gevra om 'n Transvaalse vlag in gereedheid te hou by die aankoms van die trein in Pretoria. Hy het ook gevra dat Engelenburg die nodige verdere reëlings tref. Botha het ook die wens uitgespreek dat Engelenburg sou toesien dat vise-admiraal Norman MacLeod, op die dag wat hy in Pretoria deurbring, 'n warm ontvangs kry.

---

54 G.C.M. Smit, Die dood en begrafnis van president S.J.P. Kruger. 14 Julie 1904 – 16 Desember 1904, p. 35.

55 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Louis Botha, Kaapstad, – F.V. Engelenburg, 01.12.1904.

56 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 26.11.1904.

57 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 26.11.1904.

58 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 26.11.1904.

Engelenburg moes ook sorg vir geskikte verblyf vir die Kaapse afgevaardigdes, naamlik advokaat F.S. Malan, meneer T.P. Theron, voorsitter van die Afrikanerbond, en 'n sekere meneer Schultz. Hy moes ook toesien dat voornoemde persone by hulle aankoms na hulle verblyfplekke begelei word. Vir generaal Brand en meneer Fichardt van die Vrystaat moes dieselfde reëlings getref word. Botha het verder geskryf:

> Wetende Uwe bereidwilligheid om ons te helpen, maak ik daarvan gebruik om hierdoor Uwe lasten te verzwaren.[59]

Vir die herbegrafnis van president Kruger op 16 Desember 1904 het *De Volksstem* 'n spesiale rou-uitgawe uitgegee.[60] Die nagedagtenis van die ontslape leier is ook op 'n ander wyse geëer deurdat Engelenburg vooraf by C.J. Begeer van die Koninklijke Utrechtsche Fabriek van Zilverwerken, Oudegracht E.17, Utrecht, Nederland, 'n aantal bronsgedenkpennings bestel het. Op die een kant het 'n afbeelding van die ontslapene gepryk met die randskrif "S.J.P. Kruger, Staatspresident der Z.A. Republiek 1883-1900". Aan die ander kant was die woorde "Volksstem aandenken begrafenis van de grote Afrikaner Paul Kruger, Pretoria Dec. 1904" gegraveer. Die gedenkpennings was voorsien van 'n speld en 'n roustrikkie.[61] Ná die kerkdiens, wat deur duisende mense bygewoon is, is president Kruger se oorskot in die kerkhof in Kerkstraat-Wes, Pretoria, begrawe, naby die huis waar hy voor die oorlog gewoon het. Die begrafnisdiens op 16 Desember 1904 is in die Gereformeerde Kerk (regoor Krugerhuis) en in die ou kerk op Kerkplein gehou.[62] Die herbegrafnis van president Kruger het meegebring dat die Afrikaners in kontak met mekaar gebring en hulle hegter aan mekaar gebind is.[63]

### Politieke situasie ná die oorlog

Teen Mei 1904 was die nuwe *Volksstem*-gebou in St. Andriesstraat gereed. Daar was egter ander probleme. Die koerant se drukkery moes weer ingerig en die redaksionele personeel nuut gevorm word. Volgens Engelenburg was vir eersgenoemde doel "geld, altans krediet nodig" en

---

59 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Louis Botha, Kaapstad, – F.V. Engelenburg, 01.12.1904.

60 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy) Bpk (1873-1960)*, p. 21.

61 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy) Bpk (1873-1960)*, p. 21.

62 G.C.M. Smit, Die dood en begrafnis van president S.J.P. Kruger. 14 Julie 1904 - 16 Desember 1904, p. 116.

63 F. Vermooten, "Transvaal en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika" in *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 20(2), 1957, p. 6.

vir laasgenoemde doel "'n beetje talent en veel oprechte belangstelling en genegenheid" vir die Transvalers en die gemeenskap.[64]

Op 30 Junie 1904 is die laaste van die koerant se toerusting uit die gebou in Pretoriusstraat verwyder, wat toe reeds gebruik is as kantore vir die nuwe regering.[65] Engelenburg het die departement van openbare werke daarna versoek om die assuransiepolis wat hy uitgeneem het op die staalbuitegebou in Pretoriusstraat wat tydelik ná die oorlog deur die koerant se drukkery gebruik is, aan hom terug te besorg aangesien 'n gedeelte van die polis die masjinerie gedek het wat intussen verwyder is.[66] Die ondersekretaris van die koloniale sekretaris[67] het in Augustus 1904 aan die departement van openbare werke laat weet dat die polis (polis no. 1016388) gekanselleer is omdat *De Volksstem* nie meer op erf 456 sy besigheid gedryf het nie.[68] Op 29 Augustus het Izaak Wallach 'n dokument onderteken dat hy van die departement van openbare werke die gekanselleerde polis ontvang het.[69] Teen November 1904 was die volgende departemente van die Engelse regering in die *Volksstem*-gebou in Pretoriusstraat: Civil Commissioner; Government Agrostologist[70] and Botanist; Clerk of the Investment Board; Horticultural Division; en Conservator of Forests.[71] In 'n gesamentlike brief het die departemente aan die direkteur van die departement van openbare werke gevra dat die dakke van die gebou geverf word met 'n "heat resisting paint".

> The offices become extremely hot during the summer months, and, as your workmen are at present engaged in painting the woodwork of these offices, it seems a favourable opportunity for painting the roofs at a minimum cost.[72]

Die dakke is toe geverf met twee lae van Gibson's Cooling Composition to Roofs.[73]

64 Redaksionele kommentaar, "'t Volkstem-gebouw", *De Volkstem*, 23.05.1917.
65 NASA, Pretoria, TAB, PWD, 242, verw. 4199, 27.07.1904 en 04.08.1904, Notas gemaak deur sekretaris van die departement van openbare werke.
66 NASA, Pretoria, TAB, PWD, 242, verw. 4199, F.V. Engelenburg – Sekretaris van die departement van openbare werke, 22.07.1904.
67 Die koloniale sekretaris was lord Alfred Lyttleton (1857-1913).
68 NASA, Pretoria, TAB, PWD, 242, verw. 4199, Ondersekretaris van die Koloniale Sekretaris se kantoor – Sekretaris van die departement van publieke werke, 25.08.1904.
69 NASA, Pretoria, TAB, PWD, 242, verw. 4199, 29.08.1904. Ontvangserkenning van I. Wallach.
70 Landboukundige.
71 NASA, Pretoria, TAB, PWD, 263, verw. 5985, 07.11.1904. Brief van hoofde van die departemente, gerig aan die departement van openbare werke.
72 NASA, Pretoria, TAB, PWD, 263, verw. 5985, Civil Commissioner, Gov. Agrostologist and Botanist, Clerk of the Investment Board, Horticultural Division and Conservator of Forests – Direkteur, Departement van Publieke Werke, 03.11.1904.
73 NASA, Pretoria, TAB, PWD, 263, sekretaris, Departement van Publieke Werke – J.W. Wagner, 15.11.1904.

Engelenburg het Leyds gereeld op die hoogte gebring van die politieke situasie in die land en het eenkeer geskryf dat die Suid-Afrikaanse Party hom passief gehou het sodat die Chinese en anti-Chinese, die "protektioniste" en "anti-proteksioniste" sake self kon uitveg. Die kloof tussen "bittereinders" en alle denkbeelde in die gemeenskap wat die "National Scouts"[74] betref, moes eers gedemp word ten einde gesamentlike optrede moontlik te maak. Engelenburg het verder geskryf dat daar in Transvaal 'n "Verenigde Synode" was, 'n surrogaat van die ou Volksraad, waardeur die publiek hulle stemme kon laat hoor. Die kerk was sterk ten gunste van die handhawing van die taal en beheer oor die volksonderwys. Indien die regering nie meer te vinde daarvoor was nie, sou die gemeenskap genoodsaak wees om sy eie onderwys te organiseer. Engelenburg het gemeen dat tye wel interessant was, maar ook sorgwekkend.[75]

Groot ontevredenheid het in Transvaal bestaan omdat Milner al die skoolgeboue tot staatseiendom verklaar en Nederlands uit skole verban het. Die gebrek aan politieke magsmiddele het daartoe gelei dat die eerste tekens van verset teen Milner se angliseringspolitiek op kulturele gebied tot uiting gekom het. Reeds in Oktober 1902 is in Pretoria 'n kommissie in die lewe geroep wat hom ten doel gestel het om Nederlandstalige privaat skole op te rig waarmee die gevaar van verengelsing, wat die Afrikanerjeug bedreig het, teëgegaan kon word. 'n Eie onderwysdepartement is opgerig onder die naam Christelijk Nationaal Onderwijs (CNO). Honderde skole is opgerig en al die oudonderwysers van voor die oorlog is opgeroep. Leyds het gedurende dié tyd uit Nederland in die geheim geld aan generaals Louis Botha en Jan Smuts gestuur. Die geld is gestuur om CNO-skole te help finansier en die koerante te versterk wat Afrikaanse nasionale aspirasies gepropageer het. Die werklike erfgenaam van die oorblywende materiële bate van die ou ZAR ná die Anglo Boereoorlog was die Afrikanervolk self.[76] Dit was hierdie geldelike bate wat Leyds gedurende die Anglo-Boereoorlog in Europa aan sy vriende, onder andere Engelenburg, toevertrou het om in hulle eie name te belê en wat hulle ná die oorlog met rente aan Leyds terugbesorg het.

---

74 "National Scout": Boereonderdaan van die Republieke wat in die Anglo-Boereoorlog as verraaier aan Engelse kant geveg of hulle andersins gesteun het.

75 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 11.05.1903.

76 J.C. Steyn, "Het Westen-/ Het Volksblad-Drukkery" in G. Olivier en A.E. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*, p. 229.

Erfgename het nog selde so gewoeker met 'n klein erfenis as diegene wat die ZAR-gelde ontvang het.[77]

Deur die ywer van die kerke, die Commissie voor de CNO, die Boereleiers, CNO-onderwysers en die koerante soos *De Volksstem* (later *De Volkstem* met een *-s-*) en *Het Westen* het daar sedert die einde van 1902 'n netwerk van CNO-skole in die dorpe en distrikte van Transvaal ontstaan.[78] Engelenburg se naam was ook op die "Lijs van aandeelhouders" van die Pretoria Oost-Einde skool.[79] In 1904 was daar 172 CNO-skole met 286 onderwysers en 6 958 kinders in Transvaal, en in 1905 228 skole, 419 onderwysers en 9 335 kinders. In vergelyking met die staatskole was dit nie indrukwekkend nie – in Junie 1905 was daar 29 456 leerlinge in die staatskole – maar die staatskole kon leerlinge trek met gratis onderwys, skoolboeke, losies en reistoelaes, terwyl die CNO-skole gewurg het weens die ouers se armoede.[80]

Afgesien van verset teen Milner se beleid om alles te verengels, het die ontevredenheid toegeneem toe die wetgewende raad besluit het om met Milner se plan voort te gaan om Chinese in te voer om in die myne te werk. Dit het daartoe gelei dat die partymasjinerie van die Boere in werking gekom het. Botha het besef dat die invoer van Chinese verreikende gevolge vir die land kon inhou en het besluit om die openbare platform te betree om sy insigte te verkondig. Oral in die land het hy toesprake gehou. 'n Petisie wat daarna na Brittanje gestuur is, het geen vrugte afgewerp nie. Die Britte het die segsmanne van die Boere nie as verteenwoordigend beskou nie. In Junie 1904 het die eerste Chinese hulle verskyning gemaak en baie gou was daar 50 000 Chinese op die Witwatersrand werksaam. Vir ses maande het dit goed gegaan, maar in 1905 het die moeilikheid begin. Die eerste blanke is deur 'n Chinees vermoor en 'n reeks misdade het gevolg.[81]

---

77 B.J.H. de Graaff, *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners 1902-1930*, p. 28.

78 J.C. Steyn, "Nederlandstaliges se bydraes tot die behoud en erkenning van Afrikaans 1870-1920" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3), September 2014, p. 436; Sien ook J.C. Steyn, "Kerk, volk en taal ná die Anglo-Boereoorlog en die Rebellie", ongedateer, Argief van LitNet by www.oulitnet.co.za/taaldebat (geraadpleeg op 07.11.2014).

79 J. Ploeger, "Aandeelhouers van die Pretoria Oost-Einde Skool Vereniging Beperkt" in *Pretoriana*, 66&67, Augustus en Desember 1971, p. 15.

80 J.C. Steyn, "Nederlandstaliges se bydraes tot die behoud en erkenning van Afrikaans 1870-1920" in *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(3), September 2014, p. 436; sien ook J.C. Steyn, "Kerk, volk en taal ná die Anglo-Boereoorlog en die Rebellie", ongedateer, Argief van LitNet by www.oulitnet.co.za/taaldebat (geraadpleeg op 07.11.2014); en Anon., "Onderwijs: Uitvoering in de Oost Eind School", *De Volksstem*, 18.06.1904.

81 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 115-118.

Generaal Botha was een van die weiniges wat hom geheel aan politieke sake gewy het. Hoewel hy as ŉ ryk man beskou is, het hy geen kontant gehad solank sy plase nie verkoop is nie. Botha het baie rondgereis en met elkeen wat hom genader het, gekorrespondeer. Engelenburg het gemeen dat Botha dringend ŉ privaat sekretaris en ŉ kantoor nodig gehad het om die daaglikse korrespondensie te behartig. Wanneer Botha uitstedig was, het alles stilgestaan. Omdat hy geen koerante gelees het nie, was Botha nie ingelig oor wat in die land gebeur nie. Hy het dus iemand nodig gehad wat daagliks "een oog in 't zeil houdt", deur die koerante te gaan, die mense byeen te hou en hom oor die algemeen nuttig te maak. Dit sou Botha sy aandag aan beter dinge kon laat wy.[82] Generaals Botha en Smuts het besef dat hulle beter sou vaar indien hulle ŉ mondstuk of mondstukke gehad het om hulle politieke oogmerke te propageer. Hulle wou gevolglik ŉ aantal koerante aankoop wat die Afrikaners en Nederlanders goedgesind was, onder meer *De Volksstem* in Pretoria.[83] Dit sou egter nog ŉ jaar en ŉ paar maande duur voordat Botha en Smuts aandele in *De Volksstem* bekom het.

Generaals Botha, Smuts, De la Rey, Beyers en ŉ paar ander voormanne het besluit om ŉ Boerekongres in Pretoria te hou met die doel om ŉ politieke party te stig wat die Afrikaners se belange sou bevorder. Niemand wou egter ŉ saal vir dié doel aan generaal Botha afstaan nie. By *De Volksstem* se Caledonian-gebou in St. Andriesstraat was ŉ groot saal wat Engelenburg kosteloos aan Botha beskikbaar gestel het.[84] Op 29 April 1904 het Botha per handgeskrewe brief aan Engelenburg geskryf dat hy baie dankbaar was vir die gul aanbod en dat hy daarvan gebruik sou maak. Hy het Engelenburg spesiaal bedank vir sy vriendelike en kragtige medewerking. Veral in daardie moeilike tye was Engelenburg se aanbod besonder welkom. Die tydsberekening van sy aanbod, asook die wyse waarop hy dit gedoen het en alles wat hy vir Botha gedoen het sedert sy terugkoms uit Europa ná die oorlog, het generaal Botha baie waardeer. Botha het gehoop dat Engelenburg ŉ vriend van die Boere sou bly.[85]

Die Caledonian-geboue was pas ingerig vir die koerant en drukkery. Die saal waarin die settery was, kon gemaklik ŉ paar honderd mense akkommodeer en Engelenburg het ook gesorg vir die

82 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 15.11.1903.
83 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 259, J.C. Smuts – W.J. Leyds, 18.04.1903 en 24.09.1903.
84 Redaksionele kommentaar, "'t Volkstem-gebouw", *De Volkstem*, 23.05.1917.
85 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 5, sublêer 16, L. Botha – F.V. Engelenburg, 29.04.1904.

stoele en tafels. So het dit dan gekom dat die *Volkstem*-gebou in St. Andriesstraat die bakermat van die Het Volk-party geword het. Voortaan sou die jaarlikse kongres daar gehou word. Die kongres het op 23 Mei 1904 begin en die beraadslaginge het drie dae lank aangehou. Dit het baie aandag in die gemeenskap getrek en ŉ diep indruk op die mense gelaat. Tydens dié kongres is Het Volk-party in die lewe geroep. Om die Milner-regering van die genome besluite in kennis te stel, het die kongreslede op die vierde dag voor die *Volkstem*-kantore versamel en vier aan vier na die regeringskantoor op Kerkplein geloop. Die algemene publiek in die strate het verras staan en kyk na hierdie ongewone betoging van "agtervelders"; dit was die eerste teken van politieke lewe ná Vereeniging deur die nie-Engelssprekende gemeenskap in Transvaal.[86] By die eerste kongres is ŉ hoofkomitee van sewe lede aangewys, met generaal Louis Botha as voorsitter. Die opdrag van die hoofkomitee was om van dorp tot dorp en van distrik tot distrik te reis met die doel om steun vir die saak te kry. Die komitee was ook daarvoor verantwoordelik om ŉ statuut op te stel en daarmee het Engelenburg heelhartig gehelp.[87] Kort ná die kongres het Botha weer ŉ handgeskrewe brief aan Engelenburg geskryf om hom weer eens te bedank vir al sy moeite en die opofferings wat hy gemaak het om die kongres vlot te laat verloop.

> Dese zullen voorzeker niet licht door ons worden vergeten.[88]

Terwyl daar ŉ politieke ontwaking onder die Afrikaner- en Nederlandse gemeenskap in Transvaal plaasgevind het, het sir Leander S. Jameson in die Kaapkolonie met sy Progressiewe Party die oorhand gekry en het hy in Februarie 1904 premier van die Kaap geword.[89] John X. Merriman en Paul Sauer het daarna ŉ opposisieparty gestig, die South African Liberal Party, wat later hernoem is tot The South African Party. Alfred Milner was goewerneur van die Vrystaat en Transvaal en het daar steeds voortgegaan met sy verengelsingsbeleid. Sy beleid van onderdrukking van die Afrikaanse volk en taal sou egter gou ŉ neerlaag ly. Ook in Brittanje is sy beleid veroordeel.[90]

---

86 Redaksionele kommentaar, "'t Volkstem-gebouw", *De Volkstem*, 23.05.1917.
87 Redaksionele kommentaar, "'t Volkstem-gebouw", *De Volkstem*, 23.05.1917.
88 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 5, sublêer 16, L. Botha – F.V. Engelenburg, 29.05.1904.
89 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 191-192.
90 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, pp. 106.

***De Volkstem* en die nuwe aandeelhouers**

Soos reeds gemeld wou generaals Louis Botha en Jan Smuts ŉ mondstuk hê om hulle politieke oogmerke te propageer en vroeg in 1905 is die *Volksstem*-besigheid as ŉ deelgenootskap van Engelenburg en die twee Wallach-broers ontbind. In April 1905 het Wallachs' Drukkers en Uitgewers Maatschappij Beperkt eienaar van die blad geword, met Engelenburg as die voorsitter van die direksie. ŉ Bedrag van £20 000 is in die nuwe maatskappy belê. Die eerste direksievergadering is op 26 April 1905 gehou.[91] Die koerant se naam is verander na *De Volkstem*, dit wil sê die een 's' is weggelaat. Wat die wêreld egter nie geweet het nie, was dat generaals Botha en Smuts die hoofaandeelhouers was van die nuut gestigte Wallachs' Drukkers en Uitgewers Maatschappij Beperkt, waarvan *De Volkstem* deel was. Om die eienaarskap van die twee generaals se aandele geheim te hou, is dit op die name van Engelenburg en Izaak Wallach geregistreer. Die geld om die aandele te koop, het Leyds van Nederland gestuur. ŉ Groot deel van die ZAR se fonds in Europa onder Leyds se beheer is ná die oorlog gebruik om Nederlandse koerante in Suid-Afrika weer aan die gang te kry. ŉ Bedrag van £30 000 (ongeveer *f*360 000) is via middelmanne van Europa na Suid-Afrika oorgeplaas.[92] Behalwe die CNO-skole is koerante soos *De Volkstem, De Afrikaner, De Vriend* en *Het Westen* deels daaruit gefinansier.[93]

Die Engelse regering moes nie weet dat *De Volkstem* met die ou ZAR se geld gesubsidieer word nie, vandaar die geheimhouding. Hulle moes ook nie weet dat Botha en Smuts die hoofaandeelhouers was nie. Slegs ŉ handjie vol mense het daarvan geweet, naamlik die twee generaals self, dr. Leyds en die drie direkteure van die maatskappy, Engelenburg (voorsitter), Izaak Wallach en sy broer Charles Wallach. Laasgenoemde drie het minderheidsaandele in die maatskappy besit, met Charles Wallach wat minder aandele as Engelenburg en Izaak Wallach gehad het. ŉ Ooreenkoms is daarna tussen die drie direkteure en die twee generaals, laasgenoemde wat hulleself A.B. en C.D. genoem het, opgestel. In die ooreenkoms is dit weer duidelik gestel dat generaals Botha en Smuts se deelname aan die maatskappy nie bekendgemaak moes word nie. Hoewel die twee generaals die hoofaandeelhouers was met

---

91 J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy) Bpk (1873-1960)*, p. 21.

92 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 259, J.C. Smuts – W.J. Leyds, 18.04.1903 en 24.09.1903.

93 J.C. Steyn, "Het Westen-/ Het Volksblad-Drukkery" in G. Olivier en A.E. Coetzee (reds.), *Nuwe perspektiewe op die geskiedenis van Afrikaans*, p. 229.

14 000 van die beskikbare 20 000 aandele, het hulle onderneem om so min moontlik in te meng met die administrasie en hantering van die maatskappy.[94]

Engelenburg sou voortgaan as hoofredakteur van die koerant. Omdat Charles Wallach minder aandele as sy broer en Engelenburg gehad het, is die dividende wat jaarliks toegeken is, ook proporsioneel bereken.[95] Botha en Smuts kon nie op ŉ beter hoofredakteur as Engelenburg besluit het om hulle politieke aspirasies te verkondig nie. Engelenburg was gewild onder die joernalistieke bevolking in Suid-Afrika, hoewel hulle nie altyd met hom saamgestem het nie. Die *Pretoria News* het op 10 April 1905 berig dat die Pretoriase joernalistegilde die vorige Saterdagmiddag met ŉ baie groot meerderheid van stemme Engelenburg verkies het as Hoof van die Jaar en gesê dat daar nie ŉ beter man gekies kon word nie.[96]

ŉ Joernalis op wie Engelenburg kon staat maak, was Nathan Levi (1878-1942), wat hom in 1906 voltyds by *De Volkstem* in Pretoria aangesluit het. Levi, ŉ Jood van Nederland, het in 1895 saam met sy ouers in Pretoria aangekom. Aan die begin was hy verslaggewer by *De Rand Post* in Johannesburg en het in 1899 redakteur van dié koerant geword. Hy was terselfdertyd ook Johannesburgse korrespondent vir *De Volksstem*.[97] Volgens die joernalis J.M.H. (Markus) Viljoen (1898-1949) was Engelenburg, Rompel en Levi ŉ driemanskap wat die redaksionele toneel van daardie tyd oorheers het. Hulle het diep spore in die Suid-Afrikaanse joernalistiek getrap.[98]

Sedert die reeds genoemde Boerekongres in April 1904 gehou is, het die hoofkomitee van Het Volk-party hard gewerk om lede te werf. Nêrens het hulle teenstand ondervind nie, wat bewys het dat die weg wat die kongres die vorige jaar ingeslaan het, die regte een was.[99] Van 5 tot 8 Julie 1905 het die eerste kongres van die nuutgestigte Het Volk-party plaasgevind. Die konstitusie wat die vorige jaar by die stigtingsvergadering opgestel is, moes hersien en ŉ nuwe

94 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en Verenigde Party-versameling (Charles Wallachversameling), Ooreenkoms tussen A.B. en C.D. met F.V. Engelenburg, I. Wallach en Chas. Wallach, 22.04.1905.
95 Unisa-argief, Pretoria, SAP- en Verenigde Party-versameling (Charles Wallachversameling), Ooreenkoms tussen A.B. en C.D. met F.V. Engelenburg, I. Wallach en Chas. Wallach, 22.04.1905.
96 Anon., "Pretoria Journalists' Association", *Pretoria News*, 10.04.1905.
97 F.R. Metrowich, "Levi, Nathan" in D.W. Krüger en C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, p. 527.
98 J.M.H. Viljoen, *ŉ Joernalis vertel*, p. 28.
99 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 119.

hoofkomitee aangewys word. Ander sake wat ook aandag geniet het, het ingesluit die onderwys, die landbou, die armoedekwessie, die Asiatiese kwessie en die mynbou.[100] Op die laaste dag van die kongres is *De Volkstem* verkies as die amptelike orgaan van die party. Generaal Botha was weer aan die woord en het gemeen dat dit tyd was om die belange van die organisasie te bespreek. Die enigste middel daartoe was 'n koerant. Daar sou altyd vrae wees en sake wat bespreek moes word, en 'n koerant het hom die beste daartoe geleen. Tot in daardie stadium het Het Volk geen offisiële blad gehad nie. Botha het die mense teenwoordig in kennis gestel dat die redakteur en eienaar van *De Volkstem*, F.V. Engelenburg, ingestem het dat *De Volkstem* die orgaan van Het Volk sou wees en dat voorsorg getref is dat die koerant nie in die hande van kapitaliste of wie ook al val nie. Botha het gehoop dat die gemeenskap *De Volkstem* sou ondersteun om daarmee hulle waardering te toon. Hy het gevra dat al die lede van die Het Volk-party intekenare word. *De Volkstem* was nou hulle koerant en alle besluite en handelinge van die bestuur moes soveel moontlik in die koerant gepubliseer word.[101]

Bogenoemde besluit wat op die kongres geneem is, is in werklikheid al vroeg in 1905 geneem toe generaals Botha en Smuts hoofaandeelhouers van Wallachs' Drukkers en Uitgewers Maatschappij Beperkt geword het. Gaandeweg het die mense in Botha die nuwe leidsman ontdek. Ook buite Transvaal het mense notisie van hom begin neem. Intussen het die pro-Chinese 'n Progressiewe Party gestig. Hulle het dit as belaglik beskou om aan die Boere 'n kans te gee om by die stembus te wen wat hulle in die oorlog verloor het. Die Engelssprekendes het argwaan begin toon teen Botha se toenemende invloed onder die Afrikanergemeenskap.[102]

Op politieke gebied het F.S. Malan in die Kaapkolonie en generaal Louis Botha in Transvaal in 1904 al besef dat die enigste redding vir die Afrikanervolk sou wees om te vergewe en te vergeet. Hulle albei het gepleit vir 'n vrye verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag. Afrikaner en Engelsman kon nie bly twis nie, want die land sou so nooit vooruitgaan nie. Hulle het gevra dat almal saamwerk vir vrede en voorspoed en dat daar 'n einde aan die rassehaat kom.[103] Dit sou beteken dat die vier kolonies, te wete die Kaap, Natal, Transvaal en die Oranje-

---

100 Anon., *Verslag uit De Volkstem van Het Volkskongres gehouden op 5, 6, 7, en 8 Juli 1905 te Pretoria*, pp. 1-5.

101 Anon., *Verslag uit De Volkstem van Het Volkskongres gehouden op 5, 6, 7, en 8 Juli 1905 te Pretoria*, pp. 1-5.

102 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 120.

103 Die rassehaat het bestaan tussen Afrikaner en Engelsman.

Vrystaat, moes verenig tot een staat en die Afrikaans- en Engelssprekendes tot een groot volk. Malan het groot werk onder die Afrikaners en onder die Engelssprekendes in die Kaapkolonie verrig om hulle oor te haal tot 'n verenigde Suid-Afrika. Botha het Malan gevra om die saak in die Kaapse parlement aanhangig te maak. Laasgenoemde het die mosie by die parlement ingedien en dr. L.S. Jameson het dit gesekondeer. Die parlement het dit eenparig aangeneem, waarna die masjinerie in werking gestel is om vereniging teweeg te bring.[104] Voordat dit verwesenlik kon word, moes al vier die kolonies eers op gelyke voet staan en selfregering hê. 'n Afvaardiging is aan die begin van 1906 na Brittanje om die saak van selfbestuur van die twee eertydse republieke te stel. Die moontlikheid van die vereniging van Suid-Afrika is ook bespreek.[105] Engelenburg het die afvaardiging na Londen vergesel. Hy het Preller, wat intussen as waarnemende redakteur van *De Volkstem* moes optree, op die hoogte gehou van wat in Londen aan die gang was. Op 20 Februarie 1906 het hy geskryf dat die gesprek oor Transvaal begin het met die Chinese kwessie en die konstitusie. Terwyl hy by die beraadslaginge teenwoordig was, het Engelenburg weer 'n koorsaanval gekry, die gevolg van die malaria wat hy in 1890 opgedoen het. Hy het aan Preller geskryf:

> 't Klimaat is hier tot zelfmoord drijvend! Ik zit vol quinine, heb een stijve nek, byna geen eetlust.[106]

Onderaan dieselfde brief het hy op 23 Februarie geskryf:

> De nevel en de stijve nek zijn er nog steeds![107]

Die uiteinde van die onderhandelinge was dat Brittanje bereid was om aan Transvaal en die Oranjerivierkolonie selfbestuur te gee. Dit sou aan die einde van 1906 en in 1907 realiseer.[108]

In dieselfde jaar wat Transvaal selfbestuur verkry het is Engelenburg se tante, Marie Koopmans-De Wet, oorlede. Sedert die aanvang van die winter van 1906 was sy aan haar laaste siekbed gekluister. Engelenburg het haar ses weke voor haar dood besoek en haar toe al hopeloos gevind, maar met helder oomblikke.[109] Haar liggaamlike kragte het vinnig afgeneem en op 2 Augustus 1906 om half elf die oggend het sy in haar huis in Strandstraat, Kaapstad

---

104 B. Cloete, *Die lewe van senator F.S. Malan*, pp. 171-197.
105 B. Cloete, *Die lewe van senator F.S. Malan*, pp. 171-197.
106 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 20.02.1906.
107 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 23.02.1906.
108 B. Cloete, *Die lewe van senator F.S. Malan*, pp. 171-197.
109 Nationaal Archief, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 06.08.1906.

gesterf. Sy is in die begraafplaas te Wynberg in die Kaapse skiereiland by die stoflike oorskot van haar man ter ruste gelê. Engelenburg het die begrafnis van sy geliefde tante bygewoon. Prof. Adriaan Moorrees (1855-1938) van die Kweekskool in Stellenbosch het die begrafnisdiens gelei. Oudpresident M.T. Steyn van die Vrystaat het by die geleentheid die huldigingsrede gelewer. Prof. I.J. Marais, ook van die Kweekskool, het die rede by die graf gelewer. Olive Schreiner het in haar huldiging mevrou Koopmans-De Wet beskryf as een van die sterkste en braafste vroue van Suid-Afrika. Sy het ook hulde gebring aan die suster, Margaret de Wet, wat deur die jare mevrou Koopmans-De Wet bygestaan het in haar arbeid en ook in haar lief en leed.[110] Engelenburg het aan Leyds geskryf dat Miss Margaret haar verlies manmoedig gedra het, in agneming dat sy maande lank by die siekbed van haar suster deurgebring het.[111] Marie Koopmans-De Wet was kinderloos en met haar dood het haar suster in besit van die hele boedel gebly.

**Transvaal kry selfbestuur**

Engelenburg het by die verkryging van selfbestuur vir Transvaal ŉ belangrike rol gespeel. Vooraf het Het Volk se hooffigure ŉ verkiesingsmanifes opgestel. Generaal Smuts het Engelenburg versoek om dit na te gaan en te wysig, in te kort en aan te vul waar nodig. Op 18 Oktober 1906 het Engelenburg die geredigeerde manifes aan generaal Smuts gestuur. Hy het in ŉ bygaande brief genoem dat die manifes ooreengestem het met dié van die ander partye, maar dat Het Volk tog met nuwe dinge ook vorendag gekom het wat die ander politieke partye nie gehad het nie. Hy het generaal Smuts ook gevra waarom hy geswyg het oor fiskale hervorming:

> Is u bang dat onze mensen daarvan zullen schrikken?

Hy het gemeen dat Smuts ewemin aandag gegee het aan wetlike beperkinge op oneerlike praktyke tydens verkiesingsveldtogte.[112] Hy het ook gevra:

> Wat zegt u van myn paragraaf ré Bydrage tot Imperiale strydkrachten! Hier kunnen we de vurigste out-and-outer out-out-and outeren!

Engelenburg het gemeen dat dit seker nie nodig sou wees om spesiaal vir Smuts te vra om die manifes eerste in *De Volkstem* te publiseer nie.[113]

---

110 Anon., "Marie Koopmans De Wet: an appreciation", *S.A. News*, 04.08.1906.

111 Nationaal Archief, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 06.08.1906.

112 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 2, sublêer 7, F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 18.10.1906.

Transvaal het aan die einde van 1906 selfbestuur verkry. Die verkiesing was op hande en sou in die voorjaar van 1907 plaasvind. Almal het aan verkiesingskoors gely. Daar was vier partygroepe: die Het Volk-party, die Responsibles, die Progressiewe en die Arbeidersparty.[114] Engelenburg het gemeen dat die situasie gunstig gelyk het vir die Het Volk-party. Daar was wel ŉ tekort aan geskikte kandidate, maar die gees was uitstekend. Sy vrees was nie hoe ŉ groot meerderheid van stemme die party sou kry nie, maar eerder hoe Transvaal bestuur sou word. ŉ Goeie indruk sou op die oorsese geldmark gemaak moes word. Engelenburg het hom nie aan lord Selborne (1859-1942)[115] se dreigement gesteur dat indien die nuwe bestuur nie doen wat aan hom voorgeskryf word nie, hy geen geld van Londen te wagte moes wees nie. Engelenburg het hom geantwoord dat hulle dan na die Kontinent toe sou gaan vir fondse.[116]

In die verkiesing het Het Volk 37 van die 67 setels behaal, die Progressiewe 21, die Responsibles 6 en die Arbeidersparty 3.[117] Generaal Louis Botha is as eerste minister van Transvaal aangewys en generaal Smuts as minister van onderwys. Smuts het hom beywer om nouer kontak tussen die Afrikaans- en Engelssprekende gemeenskappe teweeg te bring. Hy het op verskeie plekke in Transvaal toesprake gehou om die komende onderwyswet te verdedig en te pleit vir die samesmelting van die sogenaamde private en staatskole. Smuts het later in 1907 groter sukses daarmee behaal omdat die voorstanders van die CNO-skole teen daardie tyd al baie verdeeld was en sommige reeds sterk gepleit het vir staatsonderwys. Daar is onder andere aangevoer dat arm ouers dit nie kon bekostig om hulle kinders na duur CNO-skole te stuur nie. Wet no. 25 van 1907 het op 26 Augustus in werking getree. Die Wet het ook voorsiening gemaak vir ŉ onderwysraad, bestaande uit die direkteur van onderwys as voorsitter, en vier ander lede, benoem deur die goewerneur vir ŉ tydperk van vier jaar. Die eerste vier lede wat in die onderwysraad benoem is, was F.V. Engelenburg, N.M. Hoogenhout, T. Reunert en J. Robinson. Gedurende die periode 25 September 1907 tot 30 Junie 1908 het die onderwysraad nie minder as 35 keer vergader nie.[118] Die onderwysraad het geen jurisdiksie oor die minister

---

113 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 2, sublêer 7, F.V. Engelenburg – J.C. Smuts, 18.10.1906.

114 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 138.

115 Lord William Waldegrave Palmer Selborne was die opvolger van lord Alfred Milner as hoë kommissaris vir Suid-Afrika en goewerneur van Transvaal en die Oranjerivier-kolonie.

116 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Pretoria – W.J. Leyds, 24.12.1906.

117 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*, p. 138.

118 A.G. Coetsee, Die geskiedenis van die middelbare onderwys in Transvaal na 1900, pp. 27-28.

of enige amptenaar van die departement gehad nie, maar het bloot as 'n adviserende liggaam vir die minister gefungeer in alle sake rakende die finansies, die samestelling van nuwe regulasies, die vasstelling van skoolgeld, die medium van onderwys, die aanstelling en ontslag van onderwysers en enige ander saak met betrekking waartoe die minister advies van die raad verlang het.[119]

Nadat generaal Louis Botha as eerste minister aangewys is, het hy 'n uitnodiging aanvaar om Transvaal by die Rykskonferensie in Engeland te verteenwoordig. Engelenburg het Botha vergesel. Die konferensie het op 16 April 1907 geopen. Botha se teenwoordigheid daar was so 'n groot sukses dat lof hom van oral toegeswaai is. Sy besoek aan Engeland het baie daartoe bygedra om die verstandhouding tussen die Britte en die Afrikaners te verbeter, nie net in Transvaal nie, maar in die hele Suid-Afrika.[120] Engelenburg was nog in Londen toe hy in Mei 1907 aan Leyds geskryf het dat die mense in Europa seker moeilik 'n begrip kon vorm van die afwikkeling van die Transvaalse aangeleenthede. Die Transvaal het hom so langsamerhand in 'n nuwe regeringsituasie begin vestig.

> 't Is wonderlik – zelfs voor my, die 't rad van Fortuin al heel wat heb zien draaien – om nu-en-dan de dingen van tans gade te slaan! Dit alles maakt het leven in Z.Afrika zo by uitstek interessant voor een Volkstem-editeur.[121]

Nadat die samesprekings in Londen ten einde geloop het, was Engelenburg met een van die skepe van die Union Castle-redery op pad terug na Suid-Afrika. Op die skip het hy aan Preller geskryf en verwys na die boek *Times History of the War*, wat oor die Anglo-Boereoorlog gehandel het. Hy was van mening dat geen geskiedenis van die guerrilladeel van die oorlog volledig sou wees as dit nie vermeld het dat die Britse leër sonder die hulp van die "Scouts en kaffers" op 'n fiasko sou afstuur nie.

> We behoeven tans niet oude wonden open te maken, maar daarom behoeft ook de waarheid niet weggestopt te blijven![122]

---

119 A.G. Coetsee, Die geskiedenis van die middelbare onderwys in Transvaal na 1900, pp. 28-29.
120 F. Vermooten, Transvaal en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika 1906-1910, p. 65.
121 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 7, sublêer 26, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 4 Mei 1907.
122 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg, Union Castle – G.S. Preller, Pretoria, 19.06.1907.

Op 1 Julie 1907 was Engelenburg op Madeira en het aan Preller geskryf dat die seelug narkoties op sy skrywerstemperament gewerk het. Buiten die oorvloed van literatuur en "verwoede bridge-partijen" en nou en dan ʼn diepgaande politieke diskussie ná ete, het hy hom onbekwaam gevoel vir enige inspanning.[123]

Soos reeds vermeld, is Engelenburg se vader voor die Anglo-Boereoorlog van sy tweede vrou, Christina, vervreem. Sy het in 1903 aan borskanker gesterf terwyl hulle van tafel en bed geskei was. Engelenburg se vader was teen daardie tyd al ʼn paar jaar lank by Gouda Wilhelmina Catharina Vermandel, gebore in 1856, betrokke. Sy was twintig jaar jonger as Engelenburg senior. Vier jaar ná Christina se dood is hy op 4 September 1907 in Den Haag met Gouda getroud. Engelenburg was teen daardie datum al terug in Suid-Afrika en het die troue dus nie bygewoon nie.

Terug in Suid-Afrika het Louis Botha se gewildheid by sommige van sy eie mense so toegeneem dat hulle hom verafgod het. Onder leiding van Engelenburg is begin met die insameling van £500 om die koste van ʼn olieverfskildery van Botha, deur Frans Oerder, te bestry. Bydraes het so mildelik ingestroom dat by geleentheid van Botha se verjaardag op 27 September 1907 die verantwoordelike komitee hom veel meer as net die portretstudie kon aanbied. Behalwe die skildery is, as spesiale verrassing, die Statebybel wat vroeër deur mnr. William Rolan Thompson aan die Trekkerleier P.L. Uys geskenk is, nou aan Botha gegee, asook ʼn album met 30 000 handtekeninge van die publiek. Aan sy vrou is ʼn silwerservies en ʼn eetkamerstel oorhandig.[124]

Engelenburg het generaal Botha reeds in 1897 in Pretoria ontmoet toe laasgenoemde as Volksraadslid verkies en die Volksraadsittinge bygewoon het. Ná die Anglo-Boereoorlog het Botha en Engelenburg se vriendskap verstewig. Op Donderdag 21 November 1907 het Botha Engelenburg saamgenooi na ʼn uitverkoping van volbloedvee van die regering daardie Saterdag op die regering se proefplaas te Potchefstroom.[125] Hulle het die Vrydagoggend om 08:00 na

123 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg, Madeira – G.S. Preller, Pretoria, 01.07.1907.

124 F. Vermooten, Transvaal en die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika 1906-1910, p. 65.

125 NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 5, sublêer 16, Louis Botha – F.V. Engelenburg, 21.11.1907.

Potchefstroom vertrek. Die waarskynlikheid is groot dat hul gesprekke op pad na en van Potchefstroom oor die politiek gehandel het. Engelenburg het altyd 'n groot bewondering vir Botha gekoester en nege jaar ná Botha se dood het hy sy vriendskap met Botha so beskryf:

> Ek het die nadeel – en, Goddank, die voorreg – gehad om Botha van naby te ken, sedert hy aan die openbare lewe deelgeneem het. Ons was nagenoeg van gelyke ouderdom en my joernaliste-beroep het 'n voortdurende persoonlike omgang met hom bevorder, wat in die einde 'n vrindskaplike omgang geword het.[126]

### *De Volkstem* se 35ste bestaansjaar

Afgesien daarvan dat Engelenburg oral by kulturele sake en agter die skerms by die politiek betrokke was, het sy werk as hoofredakteur voorrang geniet. By die herdenking van *De Volkstem* se 35-jarige bestaan in 1908 het Engelenburg in sy hoofartikel verklaar dat die koerant probeer het om die tolk te wees en te bly van dit wat in die boesem van die politieke party Het Volk aangegaan het. Dié vererende plig het hom geensins verhinder om die handelinge van die ministers en volksraadslede in 'n onafhanklike gees te bespreek nie. Hy was wel bewus van die beperkinge wat op hulle gelê was. Engelenburg het ook nie geskroom om aan sy lesers bekend te maak dat nóg die lede van die Botha-kabinet, nóg die bestuurslede van die Het Volk-party al ooit sover gegaan het om druk uit te oefen op die werkwyse van die *Volkstem*-redaksie nie. Sommige ministers het soms wel openlik verklaar dat die een of ander opinie wat in die blad verkondig is, nie beskou moes word as die opinie van regeringskringe nie. Engelenburg het verder geskryf dat niemand moes dink dat die kolomme van die blad geslote was vir intelligente bydraes, selfs al sou dit nie strook met die beleid van die staatsamptenare nie.[127]

Die sorge van die naoorlogse tyd was genadiglik verby en die intekenaarstal was beter as ooit. Die ou adverteerders het almal teruggekeer en nuwes het bygekom.

> De banden van onderling vertrouwen tussen onze redaksie en het 'Volkstem'-publiek zijn vaster dan ooit tevoren hersteld.[128]

Engelenburg het wel ook van die geleentheid gebruik gemaak om die intekenare daaraan te herinner dat hulle intekengeld agterstallig was. Die maatskappy se boekhouer het uitgereken

---

126 F.V. Engelenburg, *Genl. Louis Botha*. Uittreksel uit voorwoord.
127 F.V. Engelenburg, "1873-1908", *De Volkstem*, 07.08.1908.
128 F.V. Engelenburg, "1873-1908", *De Volkstem*, 07.08.1908.




Illustrasie 63: Frits, FTV Engelenburg en Gouda-Engelenburg-Vermandel in November 1907. Die egpaar is twee maande tevore getroud. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album in die Engelenburgversameling.

dat, indien elke intekenaar behoorlik opbetaal was, daar genoeg sou wees dat lede van die redaksie per motor dwarsdeur Transvaal en Suid-Afrika kon jaag sonder om dadelik insolvent te raak. Dit was voorwaar ŉ verleidelike vooruitsig, want volgens Engelenburg het ook joernaliste somtyds ŉ bietjie vars lug nodig gehad. Hy wou nie hê dat hulle in hulle kantore vermuf nie.[129]

**Engelenburg en Lorraine Powell**

Engelenburg het feitlik geen privaat lewe gehad nie. Sy werksaamhede as hoofredakteur van die koerant het hom vir lang tye van die huis gehou. Toe sy huis in Arcadia aan die einde van 1903 voltooi is, wou hy graag vriende daar onthaal wanneer hy in Pretoria was, maar as vrygesel sou dit moeilik wees om bedags heeldag te werk en saans gasheer te speel. Omstreeks 1904 het Lorraine Powell (gebore Haliday), die jong dame wat Engelenburg gedurende die oorlog in Brussel ontmoet en wat intussen na Suid-Afrika gekom het, by hom in Het Witte Huis ingetrek. Jare ná hulle dood, in 1986, het Gus Cluver tot die gevolgtrekking gekom dat die periodieke dienste van ŉ gasvrou of geselskapsdame onontbeerlik moes gewees het in so ŉ groot woning met die soort sosiale verkeer wat daar was. In daardie dae was dit niks ongewoons vir ŉ vermoënde vrygesel of wewenaar wat nie beskikbare familie gehad het nie, om die dienste van so ŉ dame te bekom.[130] Van 1904 tot 1908 het hulle saam in die huis gewoon. Lorraine was egter meer as net ŉ gasvrou of geselskapsdame vir Engelenburg. Hulle was ook in ŉ verhouding betrokke. Twee jong susters, Maria Cornelia en Catharina Maria Johanna van Staden, het tussen 1905 tot 1908 dikwels by Het Witte Huis gekom. Hulle was die dogters van mnr. en mev. R.J. van Staden. Soms het Lorraine hulle met ŉ "keb" en perde by hulle huis gaan haal en ander kere het hulle die betreklike kort afstand van hul ouerhuis in Zoutpansbergweg na Het Witte Huis gestap. Katrien, oftewel Catharina, van Staden was in 1905 14 jaar oud en Maria was 9. Katrien moes die 22-jarige Lorraine soms met take in die huis kom help en terwyl hulle besig was, het Maria buite in die tuin of op die ringmuur gespeel. Wanneer Lorraine dorp toe gegaan het, moes Katrien saamgaan en die tye wanneer Engelenburg uitstedig was, het sy by Lorraine in 'Het Witte Huis' gaan slaap en dan het die negejarige Maria saamgegaan. Jare later kon Maria nog onthou dat Lorraine soms van haar twee seuns gepraat het. Maria het hulle egter nooit gesien nie en Lorraine het ook nooit foto's

---

129 F.V. Engelenburg, "1873-1908", *De Volkstem*, 07.08.1908.

130 Gus Cluver, "Die Lorraine Engelenburg-sage: ŉ Groot rol in sy lewe, tóé al. Jeugherinneringe van mev. Maria C. Struwig (gebore Van Staden)", *Die Transvaler*, 01.05.1986.

van hulle gewys nie.[131] Indien Lorraine wel twee seuns gehad het, soos wat Maria in ŉ onderhoud aan Gus Cluver van *Die Transvaler* vertel het, moes Lorraine hulle by haar eerste man, mnr. Powell, gehad en hulle in Engeland agtergelaat het toe sy einde 1903 of begin 1904 na Suid-Afrika gekom het.

Sedert Transvaal en die Oranjerivierkolonie selfbestuur verkry het, het dié kolonies, saam met die ander, alles in hulle vermoë gedoen om die vier kolonies te verenig. Intussen is ŉ verkiesing in die Kaapkolonie gehou, waarna John X. Merriman as premier van die Kaapkolonie aangewys is. Engelenburg se vriend, F.S. Malan, het as minister van onderwys en landbou in die Merriman-kabinet gedien. In 1908 is ŉ konferensie gehou waaraan afgevaardigdes van al vier kolonies, asook Rhodesië (vandag Zimbabwe), deelgeneem het. Die doel was om ŉ grondwet vir ŉ verenigde Suid-Afrika op te stel. Engelenburg het met entoesiasme die poging tot unifikasie gesteun.

> De drang naar unifikasie is vandaag groter dan ooit tevoren.[132]

Die publiek kon verseker wees dat die krag waarmee die Botha-ministerie die aansprake van Transvaal as belangrikste faktor in Suid-Afrika se welvaart bepleit het, hulle die toekoms met goeie hoop kon laat ingaan.[133]

Toe die werk van die konferensie afgehandel is, was die enigste wetgewende liggaam wat die grondwet kon bekragtig, die Britse parlement. Daarop is ŉ deputasie van verteenwoordigers uit al vier provinsies saamgestel om dit aan die Britse parlement te gaan voorlê.[134] Engelenburg sou deel van die Transvaalse deputasie uitmaak en generaals Botha en Smuts bystaan in hulle onderhandelinge met die Britse regering oor die unifikasie van Suid-Afrika.

Engelenburg se werksaamhede by die koerant en sy openbare betrokkenheid by verskeie sake was nie juis bevorderlik vir sy verhouding met Lorraine nie. Hy was dikwels uithuisig en uitstedig en toe dit lyk of hy nie van plan was om met haar te trou nie, het Lorraine die verhouding verbreek en waarskynlik kort voor Engelenburg in Mei 1909 weer na Europa vertrek het, uit die huis getrek. Hy was eers in November daardie jaar terug in Pretoria. Op

---

131 Gus Cluver, "Die Lorraine Engelenburg-sage: ŉ Groot rol in sy lewe, tóé al. Jeugherinneringe van mev. Maria C. Struwig (gebore Van Staden)", *Die Transvaler*, 01.05.1986.

132 Redaksionele kommentaar, "De Konferensie", *De Volkstem*, 02.06.1908.

133 Redaksionele kommentaar, "De Konferensie", *De Volkstem*, 02.06.1908.

134 B. Cloete, *Die lewe van senator F.S. Malan*, pp. 216-218.



Illustrasie 64: Lorraine Powell (gebore Halliday) in 1903 toe Engelenburg haar in Brussel ontmoet het. Foto: Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling.

29 April 1909 het hy na Kaapstad vertrek en op 3 Mei is hy aan boord van die *Durham Castle* weg na Europa; die skip het op 25 Mei in Londen aangekom.[135] Hy het eers private sake gehad om af te handel en wou ook ʼn perskonferensie in Junie bywoon wat daardie jaar in Skotland gehou is.

Die oggend van 17 Julie het Engelenburg generaal Botha, wat uit Suid-Afrika aangekom het, op die Southhampton-hawe ontmoet. Terug in Londen het hulle middagete saam met dr. Leyds geëet. Twee dae later het hulle Leyds, wat in die Savoy Hotel, kamer 102, tuisgegaan het, weer ontmoet.[136] Die deputasie het hulle saak in verband met ʼn verenigde Suid-Afrika aan die Britse parlement voorgelê, wat dit goedgekeur het. Een van die laaste handelinge van koning Eduard VII was om die Zuid-Afrika-Wet te teken, want kort daarna is hy oorlede.

Engelenburg het aan Preller geskryf dat die unifikasie-onderhandelinge bevredigend afgeloop het. Generaal Botha se voorstel om die unifikasie met ingang van 31 Mei 1910 te laat plaasvind, is goedgekeur in weerwil van die Kaapse afgevaardigdes se begeerte dat dit vroeër moes gebeur. Die groot kwessie nou was wie die eerste minister van die Unie van Suid-Afrika sou wees. Die name van die vier premiers van die vier kolonies, naamlik van Transvaal, die Kaap, die Oranjerivierkolonie en Natal, is genoem. Engelenburg het gemeen dat daar net twee werklike kandidate vir die premierskap was: Botha en Merriman. Hy was egter van mening dat die Progressiewes Merriman verkies het omdat hulle verwag het dat die krag van die Zuid-Afrikaanse Party onder ʼn Merriman-kabinet eerder sou afneem as toeneem. Engelenburg het wel ook opgemerk dat daar onder die jong Afrikaanse groep politici in die Kaap geen geesdrif vir ʼn Merriman-regering was nie en dat hulle ʼn Botha-kandidatuur voorgestaan het. Daarenteen wou dit voorkom of pro-Merriman-neigings onder die Vrystaatse leiers lewendig was, waarskynlik omdat hulle argwanend was jeens Transvaalse oorwig – "Transvaalse" in die betekenis van ʼn "Botha-Smuts-met-een-Johbg-invloed!"[137] Engelenburg het daarop gewys dat volgens die konstitusie die goewerneur-generaal bevoeg was om die eerste premier aan te wys. Word Merriman verkies, moes twee dinge gebeur: óf hulle (die pro-Botha-groep wat

---

135 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1909 van F.V. Engelenburg.

136 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1909 van F.V. Engelenburg.

137 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 06.08.1909.

Engelenburg ingesluit het) moes as party daarin berus, óf hulle moes van meet af aan anti-Merriman word en op ŉ pro-Botha platform by die eerste algemene parlementêre verkiesing gaan staan.

> Het eerste alternatief is niet aanlokkelik; het tweede alternatief is gewaagd, te meer omdat dan een coalitie met de Progressieven prakties mogenlik wordt.[138]

In Londen was dit opmerklik dat generaal Botha oral voorrang geniet het. Engelenburg het aan Preller geskryf dat Botha besonder gewild was. Sy waardige optrede en ongekunstelde eenvoud het die harte van die Britte gewen. Ook in Suid-Afrika was hy populêr en het vele bewonderaars gehad. Engelenburg het verder geskryf dat die kanse op ŉ Botha-kabinet gunstiger begin lyk het. Dit het gelyk of die Britse regering oortuig geraak het dat al die betrokke belange beter gedien sou word deur ŉ "ronduit" Afrikaner-bestuur in Suid-Afrika as ŉ "hybrid affaire".[139] Ná die samesprekings in Londen het Engelenburg eers na Brussel gegaan. Hy wou ook weer vir Leyds ontmoet, wat intussen terug is na Nederland, en het hom saamgenooi om by Scheveningen te gaan eet. "Wees op uw hoede!"[140]

Soos voorheen vermeld, het Frans Oerder in 1908 in Nederland gaan woon. Daar het hy ŉ jong vrou met goeie kunsaanleg, Gerarda Petronella Pitlo, as leerling gehad. In dieselfde jaar waarin sy by hom in die leer was, is hy met haar getroud. Terwyl Engelenburg nog in Europa was, het hy ŉ uitnodiging van Oerder en Gerda Pitlo ontvang om die huweliksaankondigingsgeleentheid op 16 November 1909, asook die huwelik op 7 Desember te Geldermalsen naby Rotterdam, by te woon.[141] Ná die huwelik sou Oerder en sy vrou hulle in Amsterdam vestig. Engelenburg was toe al sedert Mei in Europa en kon nie wag tot ná die troue in Desember om dan eers na Suid-Afrika terug te keer nie. Hy het op 30 Oktober 1909 met ŉ skip van die Union Castle-redery uit Southhampton na Suid-Afrika vertrek. Op 3 November het die skip die Las Palmas-hawe

---

138 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 06.08.1909.

139 NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 206, F.V. Engelenburg, Londen – G.S. Preller, Pretoria, 06.08.1909.

140 NA, Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg, Londen – W.J. Leyds, 09.08.1909.

141 Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Uitnodigingskaartjies van Oerder aan Engelenburg, 1909.

aangedoen. Daar het hy sy hare laat sny en pantoffels en sigare gekoop. Hy het op 22 November in Kaapstad aan wal gestap en was twee dae later terug in Pretoria.[142]

Ná die Kerstyd het Engelenburg ՚n paar dae by generaal Louis Botha op sy woonplaas, Rusthof, naby Vryheid in Natal deurgebring.[143] Engelenburg was bevriend met Botha en sou voortaan dikwels oor Nuwejaar by die Botha-gesin op hulle plaas in die ruim agtslaapkamerhuis tuisgaan. Hy sou ook by Groote Schuur ete saam met Botha geniet en soms daar oornag.[144]

**Samevatting**

Ná die Anglo-Boereoorlog was niks meer dieselfde in Transvaal nie. Sowat 12% van die blanke bevolking het omgekom, en die verwoeste plase, afgebrande huise en verwaarloosde grond het hul tol geëis. Die onafhanklike ZAR was tot niet en in sy plek was die Britse regering aan bewind. Transvaal was nou ՚n kolonie van Brittanje. Engelenburg moes die *Volkstem*-gebou wat hy in 1898 met trots gebou het, teen vergoeding aan die Britse bewind afstaan. Hy moes inderhaas ՚n nuwe gebou vir die koerant en drukkery vind. Verder het Alfred Milner al die skoolgeboue tot staatseiendom verklaar en Nederlands uit die skole verban.

Die Afrikaners moes letterlik uit die as opstaan en hard werk om weer hulle plek in die samelewing te kon inneem. Engelenburg moes *De Volkstem* van voor af opbou en ՚n leserstal vestig, wat hy dan ook in ՚n kort tyd reggekry het, hoofsaaklik weens die feit dat *De Volkstem* die mondstuk geword het van die Het Volk-party, wat in 1905 gestig is. In Botha het die Afrikaner-gemeenskap ՚n leier gevind en hulle grootste hoop het hulle op hom gevestig om selfregering vir Transvaal te beding, wat dan ook teen die einde van 1906 gebeur het. Botha was ook die hoofleier in Transvaal wat saam met die leiers van die ander kolonies gewerk het om ՚n verenigde Suid-Afrika onder een vlag tot stand te bring. Dit wat Rhodes al in die laaste dekade van die negentiende eeu met geweld wou laat gebeur, het nou op ՚n natuurlike wyse tot stand gekom omdat dit die enigste manier was waarop vrede en voorspoed bewerkstellig kon word. Die Unie van Suid-Afrika sou in 1910 ՚n werklikheid word.

---

[142] Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1909 van F.V. Engelenburg.

[143] Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1909 van F.V. Engelenburg.

[144] Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekies van F.V. Engelenburg.

Volgens A.P. du Plessis, wie se proefskrif oor Nederlandse immigrasie aan die einde van die 19de eeu handel, hou voortdurende kontak en wisselwerking onvermydelik in dat daar die een of ander vorm van wedersydse kulturele beïnvloeding sal wees. In Engelenburg se geval het hy veral ná die ABO die Afrikaner vanuit sy eie Nederlandse kultuur help vestig en in die proses het hy deel geword van daardie kultuur.[145] Aanvanklik het Engelenburg die Nederlandse taal en kultuur in Suid-Afrika help bevorder, maar ná 10 jaar in die land en ná afloop van die ABO het hy ŉ voorvegter vir Afrikaans geword. Sy latere literêre werke het hy in Afrikaans gelewer. Anders as voor die ABO het sy intieme vriendekring teen 1910 Nederlanders sowel as Afrikaners ingesluit. Hy sou hom in die komende jare só met die Afrikanervolk vereenselwig dat hy teen 1918, ná afloop van die Eerste Wêreldoorlog, in Europa deur die Britte getipeer is as ŉ Afrikaner-Boer.

145 A.P. du Plessis, Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika: sekere aspekte rakende voorbereiding en aanpassing, p. 112.